

## Vrydag 4 Januarie

**Skrifgedeelte: Psalm 8**

**Fokusgedeelte: Psalm 8:5**

### **Die Here dink aan ons!**

God roep deur Dawid in Psalm 8 sy kinders na buite en wys hulle iets van sy heerlikheid wat sigbaar is in sy skepping. Hy laat ons opkyk na die oneindigheid van die sterrehemel, die asemrowende uiteenlopendheid van die diere van die veld, die prag van duisende verskillende voëlgeluide en die glinsterlywe van die visse in die see. Ja, as 'n mens so na die skepping kyk, staan 'n mens verwonderd oor die heerlikheid en die almag van God!

Waar pas jy as mens in? Die grootheid van die skepping kan 'n mens laat verlore voel, so eensaam, so klein, veral as jy deur siekte of moeilike omstandighede getref word.

Hoe wonderlik en genadig is God, want hoewel God se onpeilbare grootheid in die natuur sigbaar is en Hy oor alles heers en dit bestuur, sê Hy ook in Psalm 8 Hy dink aan jou. Hy sien om na jou, nie net in hierdie lewe waar jy maar verganklik is soos die woord "mens" in vers 5 dit uitlig nie, maar Hy gee ook vir jou ewigheidsbetekenis! Psalm 8 getuig van Christus (Matt. 21:15-16). God het sy Seun gestuur om mens te word sodat jy deur sy kruisdood 'n ewigheidsbetekenis kan besit!

As jy as mens betekenis moes vind oor hoe jy heers (vs 7) oor sy skepping of hoe jy kamtig iets sou vermag in hierdie wereld, dan sal jy voortdurend worstel met jou nietigheid en betekenisloosheid. Maar God het sy Seun gestuur en in volkome gehoorsaamheid ontvang Hy alle mag in die hemel en op die aarde en heers Hy oor alles. Wanneer jy verstaan dat Psalm 8 van Jesus Christus getuig en dat jy aan Hom gebind is deur die Heilige Gees, dan sal jy saam met die Psalmdigter uitroep: "Wat is die mens dat U aan hom gedink het?" God dink aan jou om Christus ontwil!

Stap na buite, kyk na die skepping en loof die Here! Ondanks die wonderlike grootheid wat jy aanskou in die skepping, ken God jou by die naam. God dink aan jou!

*Sing: Psalm 8-1:1, 4, 5*

*Ds. HL Stavast (Henk) (Totiusdal)*